

## Handelinge 28

### Handelinge 28:1-31

1 En eers toe ons gered was, het ons te wete gekom dat die eiland Melite genoem word. 2 En die inboorlinge het ons buitengewone mensliewendheid bewys, want hulle het 'n groot vuur aangesteek en ons almal daarby gebring weens die reën wat gedreig het en weens die koue. 3 En Paulus het 'n klomp droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit, en 'n adder het weens die hitte uitgekom en aan sy hand vasgebyt.

4 En toe die inboorlinge die dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered. 5 Maar hy het die dier in die vuur afgeskud en geen kwaad gely nie. 6 En hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval; maar toe hulle lank gewag en gesien het dat niks besonders met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god was.

7 Nou het die hoof van die eiland, wie se naam Públius was, in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad, en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg. 8 En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak. 9 En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees. 10 En hulle het ons ook baie eerbewyse betoon, en toe ons sou afvaar, ons van die nodige voorsien.

11 En ná drie maande het ons afgevaar in 'n skip van Alexandrië met die skeepsmerk Castor en Pollux, wat op die eiland oorwinter het. 12 En ons het by Sirakúse gekom en daar drie dae gebly. 13 Daarvandaan het ons omgeseil en by Régium aangekom en een dag later het die suidewind opgekom, en op die tweede het ons Putéoli bereik, 14 waar ons broeders gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly; en so het ons na Rome gegaan. 15 En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetgekom tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.

16 En nadat ons in Rome gekom het, het die hoofman oor honderd die gevangenes oorgelewer aan die bevelhebber van die leër. Maar aan Paulus is dit vergun om op sy eie te woon met die soldaat wat hom moes oppas.

17 En ná drie dae het Paulus die vernaamste Jode saamgeroep en, nadat hulle vergader het, vir hulle gesê: Broeders, alhoewel ek niks gedoen het teen die volk of die voorvaderlike sedes nie, is ek uit Jerusalem as gevangene oorgelewer in die hande van die Romeine. 18 Hulle het my ondersoek en wou my loslaat, omdat daar in my niks was wat die dood verdien nie. 19 Maar toe die Jode daarteen opkom, was ek verplig om my op die keiser te beroep, nie asof ek iets het om my volk van te beskuldig nie. 20 Om hierdie rede dan het ek versoek om u te sien en toe te spreek, want dit is oor die hoop van Israel dat ek met hierdie ketting geboei is.

21 En hulle het vir hom gesê: Ons het geen briewe oor u van Judéa ontvang nie; ook het niemand van die broeders hier aangekom en iets slegs van u berig of gepraat nie. 22 Maar ons verlang om van u te hoor wat u dink; want wat hierdie sekte betref, is dit ons bekend dat oral daarteen gesprek word.

23 En hulle het vir hom 'n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus. 24 En sommige het geglo wat gesê is, maar ander het ongelowig gebly. 25 En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan nadat Paulus hierdie woord gesê het, naamlik: Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gesprek 26 en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. 27 Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

28 Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister.

29 En toe hy dit gesê het, het die Jode, onder groot woordesryd met mekaar, weggegaan.

30 En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, 31 terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhinderings.

## **1. Handeling 28:1-10 – Paulus se bediening op die eiland Malta**

**1 En eers toe ons gered was, het ons te wete gekom dat die eiland Melite genoem word. 2 En die inboorlinge het ons buitengewone mensliewendheid bewys, want hulle het 'n groot vuur aangesteek en ons almal daarby gebring weens die reën wat gedreig het en weens die koue. 3 En Paulus het 'n klomp droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit, en 'n adder het weens die hitte uitgekom en aan sy hand vasgebyt.**

**4 En toe die inboorlinge die dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered. 5 Maar hy het die dier in die vuur afgeskud en geen kwaad gely nie. 6 En hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval; maar toe hulle lank gewag en gesien het dat niks besonders met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god was.**

**7 Nou het die hoof van die eiland, wie se naam Públius was, in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad, en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg. 8 En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak. 9 En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees. 10 En hulle het ons ook baie eerbewyse betoon, en toe ons sou afvaar, ons van die nodige voorsien.**

### **1.1 Vrae by Handeling 28:1-10**

- |  |
|--|
| 1. Waarom sou die skipbreukelinge eers nadat hulle gered is weet op watter eiland hulle beland het? (vers 1) |
| 2. Hoe is die skipbreukelinge op die eiland behandel? (vers 2)   |

Die storm waarin die skip was, het vir veertien dae geduur. En toe hulle uiteindelik die skip gestrand kon kry, was die storm nog nie heeltemal verby nie. Verder kon die matrose vir dae lank nie die son of die sterre sien nie. Almal aanboord het net 'n vae idee gehad dat hulle in 'n westelike rigting gedryf het. Alhoewel die seemanne ervare was, het hulle ook eers nadat hulle op die eiland beland het, gehoor wat die eiland se naam is. Die plek waar die skip gestrand het, was ver van die bekende

dele van die eiland Melite of Malta. **Die eiland was andersins nie onbekend nie, maar die hawe was nie naby waar hulle gestrand het nie.**

Malta is maar 'n klein eiland sowat 97 km suid van Sicilië geleë. Die eiland self is omtrent 30 km lank en 13 km wyd. Die naam van die eiland beteken toevlugsoord. Vir Paulus-hulle was die eiland inderdaad 'n toevlugsoord.

Die inwoners van die eiland was nie van Griekse afkoms nie. Een kommentaar merk op dat Fenisiërs in die dae van Paulus die eiland beset het. Hoewel nie van Griekse afkoms nie, **het die inwoners die skipbreukelinge mensliwend behandel.** Hulle het 'n groot vuur gemaak en al die skipbreukelinge na die vuur gebring, sodat hulle beskerming kon kry vanweë die koue en omdat daar reën gedreig het.

3. Hoe het dit gebeur dat die slang vir Paulus gebyt het? (vers 3)

4. Hoe het die inboorlinge die gebeurtenis verstaan? (vers 4, 6)

5. Hoe het Paulus die gebeurtenis hanteer? (vers 5)

Paulus het sy omstandighede nie as 'n verskoning gebruik om te sit en niks doen nie. Alhoewel hy 'n slagoffer van die skipbreuk was, tree hy nie soos 'n slagoffer op nie. Hy het gehelp om nog vuurmaakhout bymekaar te maak, sodat al twee honderd ses sewentig van hulle wat behoue uit die storm gekom het, warm kan word. **Onder of tussen die klomp droë hout wat Paulus opgetel het, het die adder gelê waar hy weens die koue geskuil en miskien oorwinter het.** Weens die beweging en die hitte van die vuur het die slang wakker geword uit sy winterslaap en Paulus aan die hand gebyt.

**Die inboorlinge se eerste reaksie op die gebeure is om te sê dat Paulus werklik iets verskriklik moes gedoen het soos om moord te pleeg.** In hulle heidense denkraamwerk word alle slegte dinge wat gebeur verbind aan iets kwaads wat die mens gedoen het. Hulle het sekerlik verneem dat Paulus een van die gevangenes is wat na Rome geneem word. Daarom het hulle hierdie afleiding gemaak toe hulle die slang aan Paulus se hand sien hang.

Vir die heidene was daar verskillende gode vir verskillende dinge in die mens se lewe. Hulle het 'n god van die see aanbid. In hulle oë is Paulus nou wel gered uit die see omdat die god van die see hom genadig was. Maar die god van wraak weier om Paulus prys te gee, daarom het die slang hom gebyt.

**Paulus het egter die slang net van sy hand afgeskud en dit het in die vuur geval.** Paulus het niks van die slang se byt oorgekom nie. Dit was alleen 'n wonder van die Here en die Here wat steeds sy belofte aan Paulus vervul – Paulus sal kragtig in Rome van Jesus Christus getuig (Hand 23:11). Daar is nie paniek by Paulus nie, want hy weet die Here sal hom bewaar. Hy het hom immers deur die storm en in die skipbreuk bewaar.

Die heidene aan die ander kant het met groot afwagting gesit en kyk wat met Paulus gaan gebeur. **En aangesien hy nie opgeswel of dood neergeval het, soos hulle aanvanklik gedink het, nie verander hulle die gevolgtrekking.** Paulus het dan nie iets verkeerd gedoen nie, maar hy is 'n god. In die heidendom is daar nooit sekerheid nie – dit is altyd 'n geraai en jy kies maar die mees waarskynlike verklaring. By die gelowige is daar egter sekerheid, want die Here se beloftes staan vas.

- |   |
|---|
| 6. Hoe het die Here Paulus-hulle se verblyf op die eiland verbeter? (vers 7)                              |
| 7. Hoe het die Here Homself op die eiland verheerlik? (vers 8-9)  |
| 8. Watter voordeel het die Here se diensknegte gekry uit die Here se verheerliking van Homself? (vers 10) |

Die hoof van die eiland, Publius, was die verteenwoordiger van die Romeinse owerheid op die eiland Malta. Hy was in werklikheid die goewerneur daar. In die omgewing waar die skip gestrand het, het Publius 'n stuk grond gehad. In plaas daarvan dat die skipbreukelinge in die oopte gebly het, het die goewerneur ook mensliewend opgetree. Hy het vir Paulus-hulle ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg. Dit is nie duidelik of *ons* net na Paulus, Lukas en Aristarchus of na al die skipbreukelinge verwys nie. Ek sou eerder verstaan dat **Publius al die skipbreukelinge herberg gegee het in die drie dae.** Daar was immers Romeinse offisiere en soldate. Dit beteken dat almal onderdak gekry het sowel as kos.

Publius se vader was siek – party meen dat hy Maltakoors gehad het. Gelei deur die Heilige Gees het Paulus by sy vader ingegaan. Paulus het vir die man gebid en hom die hande opgelê. **Die Here het Homself verheerlik deur die man gesond te maak.** Deur hierdie genesing en Paulus se gewilligheid om die Here ook te dien tot voordeel van heidene is die liefde van Christus en die genade van God aan die mense op Malta geopenbaar.

Die berig oor die genesing van Publius se vader het oor die eiland versprei en baie siekes is gebring en hulle is genees. **Die Here het egter nie net op 'n wonderbaarlike wyse genesing gegee nie. Die woord wat ons in vers 9 vertaal met *is genees* dui daarop dat die siekes mediese sorg ontvang het.** Waarskynlik het Lukas as mediese dokter hier saam met Paulus gewerk.

Die diens wat Paulus-hulle aan die Here gebring het deur die evangelie op 'n konkrete wyse te bring aan die bewoners van die eiland, het veroorsaak dat hulle eerbewyse betoon het aan Paulus-hulle en die waarskynlik die res van die skipbreukelinge. Toe hulle van Malta af weggevaar het, het die inwoners van die eiland hulle met die nodige voorsien – kos en water vir die reis verder. **Paulus-hulle as gelowiges het 'n genadeloon van die Here ontvang. En almal saam met Paulus-hulle het deel gekry aan die seën van die Here wat Hy oor Paulus-hulle uitgesprei het.**

## **2. Handeling 28:11-16 – Die reis van Malta af tot in Rome**

**11 En ná drie maande het ons afgevaar in 'n skip van Alexandrië met die skeepsmerk Castor en Pollux, wat op die eiland oorwinter het. 12 En ons het by Sirakúse gekom en daar drie dae gebly. 13 Daarvandaan het ons omgeseil en by Régium aangekom en een dag later het die suidewind opgekom, en op die tweede het ons Putéoli bereik, 14 waar ons broeders gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly; en so het ons na Rome gegaan. 15 En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetekom tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.**

**16 En nadat ons in Rome gekom het, het die hoofman oor honderd die gevangenes oorgelewer aan die bevelhebber van die leër. Maar aan Paulus is dit vergun om op sy eie te woon met die soldaat wat hom moes oppas.**

## 2.1 Vrae by Handeling 28:11-16

- |  |
|--|
| 1. Wanneer kon Paulus se reis uiteindelik van Malta af verder gaan na Rome toe?<br>(vers 11)   |
| 2. Waar het hulle orals aangedoen totdat hulle gelowiges uit Rome ontmoet het?<br>(vers 12-14) |
| 3. Waar het die gelowiges uit Rome vir Paulus-hulle ontmoet? (vers 15)                         |

Paulus-hulle en almal wat behoue gebly het in die skipbreuk het vir drie maande op die eiland Malta vertoef, want dit was eers na drie maande dat hulle van Malta af per skip kon vertrek. **Dit was nou omtrent in die middel van Februarie in die jaar 60 nC.** Hierdie datum kan bepaal word na aanleiding van 'n vorige datum wat Lukas genoem het. Dit was na die vastyd – dit wil sê na die 5de Oktober – wat hulle van Mooi Hawens af vertrek het (Hand 27:9). Veertien dae later – dit wil sê, in die laaste tien dae van Oktober – het hulle by die eiland Malta aangekom (Hand 27:33).

Die hoofman oor honderd het vir die gevangenes plek gekry op 'n skip van Alexandrië met die skeepsmerk Castor en Pollux wat op die eiland oorwinter het. Hierdie was waarskynlik ook 'n vragskip wat graan vervoer het. Castor en Pollux is twee afgode wat die heidene gedink het die veiligheid van matrose verseker.

Die eerste plek waar die skip aangedoen het nadat dit van **Malta** af vertrek het, was **Sirakuse**. Sirakuse is die hoofsentrum op die eiland Sicilië. Daar het die skip drie dae oorgebly. Van daar af het hulle omgeseil na **Regium** wat aan die suidwestelike kus van Italië geleë is. Die volgende dag het die suidewind opgekom sodat die skip die dag daarna **Puteoli** kon bereik het. In Puteoli het Paulus-hulle gelowiges gevind en hierdie gelowiges het gevra dat Paulus-hulle vir sewe dae by hulle sal oorbly. Van Puteoli af is dit nog meer as twee honderd kilometer tot by Rome, maar Lukas is so bly en dankbaar dat Paulus wel sy bestemming gaan bereik onder die beskerming van die Here dat hy reeds skryf asof hulle Rome bereik het.

Na die sewe dae se verblyf by die gelowiges in Puteoli het Paulus-hulle vertrek vir die laaste deel van die reis na Rome. Die gelowiges in Rome het te hore gekom van Paulus se koms na Rome. Hy was geen onbekende vir hulle nie. Drie jaar gelede



het hulle al sy brief aan hulle ontvang – die brief aan die Romeine. Paulus het die brief op sy derde sendingreis in Korinthe aan hulle geskryf. Sommige van die gelowiges uit Rome het Paulus by die **Drie Herberge** ingewag wat sowat 53 kilometer van Rome af is. Sommige andere van hierdie gelowiges het tot sover as die **Appius-mark** gegaan om Paulus te ontvang. Die Appius-mark was sowat 69 kilometer van Rome af.

4. Watter soort behandelinge het Paulus in Rome ontvang? (vers 16)

Julius die hoofman oor honderd was tevrede dat hy al die gevangenes onder sy sorg veilig vanaf Cesarea in Rome kon besorg. Vir die veiligheid van die gevangenes was hy baie dank aan Paulus onder andere verskuldig. In Rome het Julius die gevangenes aan die bevelhebber van die leër oorhandig. Hy het die gevangenes in die aangewese plekke van aanhouding opgesluit.

Paulus is egter nie saam met die ander gevangenes aangehou nie. **Heel waarskynlik deur die toedoen van Julius is Paulus vergun om op sy eie te woon in 'n gehuurde huis** (Hand 28:30). Saam met hom het die soldaat wat hom moes bewaak ook in die huis gewoon. Hierdie soldaat is om die beurt afgelos en sodoende het Paulus die geleentheid gekry om aan verskeie soldate van die keiserlike wag die evangelie te verkondig, soos wat Paulus ook aan die Filippense geskryf het (Fil 1:13).

**3. Handeling 28:17-31 – Paulus se bediening in Rome**

**17 En ná drie dae het Paulus die vernaamste Jode saamgeroep en, nadat hulle vergader het, vir hulle gesê: Broeders, alhoewel ek niks gedoen het teen die volk of die voorvaderlike sedes nie, is ek uit Jerusalem as gevangene oorgelewer in die hande van die Romeine. 18 Hulle het my ondersoek en wou my loslaat, omdat daar in my niks was wat die dood verdien nie. 19 Maar toe die Jode daarteen opkom, was ek verplig om my op die keiser te beroep, nie asof ek iets het om my volk van te beskuldig nie. 20 Om hierdie rede dan het ek versoek om u te sien en toe te spreek, want dit is oor die hoop van Israel dat ek met hierdie ketting geboei is.**

21 En hulle het vir hom gesê: Ons het geen briewe oor u van Judéa ontvang nie; ook het niemand van die broeders hier aangekom en iets slegs van u berig of gepraat nie. 22 Maar ons verlang om van u te hoor wat u dink; want wat hierdie sekte betref, is dit ons bekend dat oral daarteen gesprek word.

23 En hulle het vir hom 'n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus. 24 En sommige het geglo wat gesê is, maar ander het ongelowig gebly. 25 En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan nadat Paulus hierdie woord gesê het, naamlik: Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek 26 en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. 27 Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.

28 Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister.

29 En toe hy dit gesê het, het die Jode, onder groot woorderstryd met mekaar, weggegaan.

30 En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, 31 terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verandering.

### 3.1 Vrae by Handeling 28:17-31

- |   |
|---|
| 1. Waarom het Paulus die Joodse leiers in Rome toegesprek? (vers 17-20) |
| 2. Waarom is Paulus nou eintlik 'n gevangene? (vers 20)                 |

Drie dae nadat Paulus in Rome aangekom het, het hy die vernaamste Jode in Rome geroep om na hom toe te kom. Hierdie vernaamste Jode is waarskynlik die gemeenskapsleiers sowel as diegene wat in die sinagoges leiding neem. Dit is die

eerste keer in twee jaar wat Paulus in 'n plek kom waar hy nog nooit was nie om die evangelie te verkondig. Soos sy gebruik was tydens elkeen van sy sendingreise het hy eers met die Jode gepraat. Aangesien hy nie self na die sinagoges kon gaan om met die Jode te praat nie, het hy die Joodse leiers na hom laat roep.

**Dit word duidelik dat Paulus in hierdie eerste ontmoeting met die Joodse leiers eers wil verduidelik waarom hy onder hierdie omstandighede – as gevangene – in Rome aangekom het.** Moontlik was Paulus se bedoeling ook om self te verduidelik voordat die Jode gerugte kry wat nie die waarheid is nie.

In sy gesprek met die Jode maak Paulus dit duidelik dat hy steeds een is met hulle, want hy spreek hulle as broeders aan. Daarop gaan hy voort om op twee van die oorspronklike drie klagtes wat teen hom ingebring is te konsentreer. Hy het niks teen die Joodse volk of teen die wet gedoen of geleer nie. Maar op grond van daardie valse aanklagte is hy gevange geneem in Jerusalem en aan die Romeine oorgelewer.

Die Romeine het self hulle eie ondersoek gedoen oor die klagtes wat teen Paulus ingebring is. Na afloop van die Romeine se ondersoek het die owerheid tot die gevolgtrekking gekom dat Paulus losgelaat kan word. Die Jode het egter daardie beslissing betwis. Dit was omdat die Jode appèl aangeteken het teen Paulus se vrylating dat hy homself verplig gevoel het om hom op die keiser te beroep.

En dan stel Paulus dit baie duidelik – hy het homself nie op die keiser beroep omdat hy sy volk van enigiets wil beskuldig nie. Hy het hom op die keiser beroep, sodat die hoogste hof sy onskuld aan enige misdaad wat die dood of boeië verdien kon bekragtig.

Na hierdie verduideliking waarom hy in hierdie omstandighede in Rome aangekom het, kom Paulus by die kern van die verskil tussen hom en die Jode wat hom aangekla het. **Hy is met die ketting geboei oor die hoop van Israel.** Die hoop van Israel is die beloftes van die Here aan Israel oor die verlossing en die Verlosser. Dit wil sê, die hoop van Israel is die vervulling van die beloftes aangaande die Messias wat die Here aan sy volk gemaak het.

- |   |
|---|
| 3. Watter berig het die Joodse leiers in Rome aangaande Paulus ontvang? (vers 21) |
| 4. Wat het die Joodse leiers wel van Paulus verlang? (vers 22)                    |

Nadat Paulus sy verduideliking gegee het, het die Joodse leiers hom geantwoord. In verband met Paulus het hulle geen brief uit Judea ontvang nie. Niemand van die Joodse broers in Jerusalem het in Rome aangekom om iets slegs oor Paulus aan hulle te vertel nie. **Om die waarheid te sê, die Joodse leiers in Rome het geen berig aangaande Paulus in Rome in ontvang nie.**

Uit hierdie antwoord van die leiers blyk dit dat die Jode in Judea met verloop van tyd agtergekom het dat hulle nie werklik 'n saak teen Paulus het wat in 'n Romeinse hof sal slaag nie. Daarom het hulle geen brief aan die Jode in Rome gestuur nie, alhoewel hulle in Judea geweet het dat Paulus hom op die keiser beroep het. Gedurende die twee jaar was daar ook niemand uit Judea wat enige berig aangaande Paulus aan die leiers in Rome persoonlik oorgedra het nie terwyl daar voortdurend verkeer tussen die Jode oor die wêreld heen was. Of die Joodse leiers die volle waarheid met Paulus gepraat het, sal ons nie weet nie.

**Die Joodse leiers stel belang in wat Paulus van die sekte dink.** Met die woord *sekte* verwys die Joodse leiers na die geloof in Jesus Christus as die Messias. Die Joodse leiers wil graag hoor wat is Paulus se gedagtes daaroor. Die berigte wat hulle oor die sekte kry, is dat daar oral teen die sekte gespreek word. Vanuit al die Joodse gemeenskappe in die wêreld het die leiers in Rome berig gekry dat die sekte nie iets is waarmee hulle as Jode hulle moet vereenselwig nie.

- |   |
|---|
| 5. Waaroor het Paulus by die tweede geleentheid met die Jode gepraat? (vers 23) |
| 6. Watter reaksies was daar op Paulus se verkondiging? (vers 24)                |
| 7. Wat het aanleiding gegee tot Paulus se aanhaling uit Jesaja? (vers 25)       |
| 8. Hoe het die Jode gereageer op die aanhaling uit Jesaja? (vers 25)            |

Die Joodse leiers het by hulle eerste ontmoeting met Paulus gesê dat hulle graag sal wil hoor wat hy dink van die sekte waarteen daar so baie gespreke word. Hierdie leiers het toe 'n dag bepaal waarop nie net hulle nie, maar baie van die Joodse gemeenskap in Rome na die huis gekom het wat Paulus gehuur het.

Op hierdie dag het Paulus van vroeg die oggend tot die aand kragtig getuie nis gegee, net soos Jesus nog in Jerusalem aan hom beloof het (Hand 23:11). **Hy het aan die Jode die koninkryk van God uitgelê soos wat dit in die wet van Moses en uit die profete verkondig is.** Met hierdie getuie nis het Paulus die Jode probeer oortuig aangaande Jesus, naamlik dat Hy die vervulling is van die hoop van Israel – Jesus is die beloofde Messias.

Met hierdie getuie nis het Paulus aangetoon dat dit wat die Jode as 'n sekte ken in werklikheid geen sekte is nie. Die Christelike geloof is slegs 'n voortsetting van die beloftes wat die Here deur Moses en die profete geopenbaar het.

Soos dit met elke verkondiging onder die Jode en elke ander volk gebeur het, was daar twee uiteenlopende reaksies op die verkondiging van die koninkryk van God. **Sommige van die Jode wat Paulus se getuie nis gehoor het, het geglo wat daar verkondig is. Die ander Jode het egter ongelowig gebly.** Die Joodse geloof en hulle verstaan van die Skrif is nie maar net 'n alternatief van die Christelike geloof nie. Die Heilige Gees bestempel dit as ongelooft.

Tussen die twee groepe Jode – die wat geglo en die wat ongelowig gebly het – het daar onenigheid gekom. Diegene wat deur die Heilige Gees die geloof ontvang het en geglo het dat Jesus werklik die Messias is, wou hulle broers van die waarheid oortuig. Hulle wat egter nie geglo het nie, het hulle net verder verhard teen die Woord en dit het die onenigheid veroorsaak. **Dit is na aanleiding van hierdie onenigheid wat Paulus die aanhaling uit Jesaja 6 maak.**

**Die Jode het na hierdie aanhaling van Paulus uit Jesaja uit die huis uitgegaan.** Onder diegene wat uitgegaan het, kan ons verstaan dat dit hulle is wat ongelowig gebly het. Hulle wou hulle nie buig voor die gesag van Jesus Christus nie en het sodoende ook nie die seggenskap van God deur Christus oor hulle erken nie. Die

Jode het hierdie aanhaling uit Jesaja goed verstaan. Dit het teen hulle bors aangedruk en dit het hulle ongemaklik gemaak.

9. Waarop kom die aanhaling uit Jesaja neer? (vers 25-27)

10. Wat was Paulus se laaste woorde aan die vertrekkende Jode? (vers 28)

11. Hoe het hulle op hierdie woorde gereageer? (vers 29)

Die woorde wat Paulus uit Jesaja 6:9-10 aanhaal, is woorde wat die Here tot Jesaja gespreek het net nadat die Here hom as profeet aangestel het. Jesaja was gretig om die Woord van die Here aan die volk te bring. Maar die woorde wat Jesaja moes gaan verkondig, was nie iets wat verwag is nie.

Die woorde in Jesaja kom daarop neer dat die Jode baie hoor wat die Here vir hulle sê. Hulle sien selfs ook baie dinge wat die Here in vervulling bring. Maar die volk se hart het afgestomp geraak. Hulle hoor nie wat hulle graag wil hoor nie en daarom steur hulle hulle nie meer aan die woorde wat die Here spreek nie. Aangesien hulle met hierdie optrede hulle rug op die Here gedraai het, gaan hulle oë en ore nou toegestop word, sodat hulle nie meer kan sien en hoor nie en sodat hulle hart nie meer kan verstaan nie. **Met hierdie woorde waarsku die Here dat die tyd vir bekering min raak en as Hy die tyd afgesluit het, is daar glad nie meer 'n manier om tot bekering te kom nie.**

Die ongelowige Jode in Rome se verwerping van die evangelie was nie vir enigiemand 'n verrassing nie. Dit is hoe dit nog in elke stad en plek gebeur het waar die evangelie van Jesus Christus verkondig is. Soos in elke ander plek het Paulus ook hier in Rome van toe af sy energie en verkondiging toegespits op die heidene. Vir die Jode wat die evangelie verwerp het en nou by die huis uitstap, sê Paulus dit baie duidelik: **Almal van hule moet weet dat die heil van God nou aan die heidene gestuur word en hulle sal luister.** Met hierdie woorde het Paulus die woorde wat Jesus nog in Jerusalem tot hom gespreek het laat weerklink (Hand 22:17-21).

**Hierdie woorde van Paulus het veroorsaak dat daar 'n groot woordstryd tussen die twee groepe Jode – die wat geglo het en die wat ongelowig gebly**

**het – ontstaan.** Die ongelowige Jode het bly vassteek dat die Jode die uitsluitlike volk van God is en dat jy slegs deur die Joodse geloof by God kan uitkom.

12. Wat kan ons alles aflei in verband met Paulus se gevangenskap en die verkondiging van die evangelie uit die laaste twee verse?

Paulus was vir 'n volle twee jaar as gevangene aangehou in Rome. Hierdie twee jaar kan toegeskryf word aan die wagtyd om sy saak voor die keiser te kon stel. Dit is moontlik dat Paulus se Romeinse burgerskap aan hom die voorreg verleen het om in 'n huis te woon terwyl hy gewag het om voor die keiser verhoor te word. Of moontlik is sy verblyf in 'n huis reeds aanduiding dat die Romeinse owerheid in die algemeen Paulus onskuldig verklaar het aan enige misdaad wat boei of dood verdien.

Die huis wat Paulus bewoon het, het hy self gehuur. Dit beteken dat hy gedurende die twee jaar steeds 'n inkomste gehad het. Die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom, is dat Paulus gedurende die twee jaar steeds kon voortgaan met sy ambag as leerwerker. Uit hierdie werk kon hy die huur van die huis bekostig.

Die owerheid het aan Paulus ook ruim vryheid verleen. Hy is nou wel 'n gevangene wat aangehou word in 'n huis en kan daarom nie vrylik in die stad beweeg nie. Maar daar was geensins 'n beperking op besoekers wat Paulus kon ontvang nie. Hy het graag diegene wat hom in die huis kom besoek het ontvang.

Die twee jaar as gevangene in Rome het geensins die verkondiging van die evangelie gestuit nie. Soos dit Paulus se gebruik was, het hy saam met sy leerwerkery volgehou om die evangelie te verkondig. Hy het die koninkryk van God gepreek – dit wil sê, Paulus het eredienste gehou. Verder het hy ook onderrig gegee aangaande Jesus Christus – dit wil sê, hy het gesprekke gehad en vanuit die Skrif aangetoon dat Jesus werklik die beloofde Messias is.

Die laaste woorde wat Lukas neergeskryf het, is sprekend van die Woord van die Here en die vervulling van sy beloftes. Aan Paulus het die Here alle vrymoedigheid

gegee om met almal wat by hom besoek gedoen het of met wie hy in aanraking moes kom oor die koninkryk van God te praat. En daar was geen verhinderings van enigiemand se kant af nie. Die Christelike geloof was nie 'n staatsbedreiging nie. Maar nog meer, die Woord van die Here kan nie gebind en verhinder word nie.

### Aanhangsel 1

<b>Paulus se lewensverloop</b>		
<b>Datum</b>	<b>Gebeurtenis</b>	<b>Verwysing</b>
	Geboorte in Tarsus	Hand 22:3
	Vroeë lewe en teologiese opleiding in Jerusalem onder Gamaliël	Hand 22:3
34	Deelneming aan Stefanus se steniging buite Jerusalem	Hand 7:57-8:1
34	Neem leiding in die vervolging van Christene in Jerusalem	Hand 9:1
34	Neem leiding in die vervolging van Christene buite Jerusalem	Hand 9:2
<b>34</b>	<b>Bekering op die pad na Damaskus</b>	<b>Hand 9:3-17</b>
34	Doop in Damaskus	Hand 9:18
34	Verkondiging in Damaskus	Hand 9:19-22
34	Reis na Arabië	Gal 1:17
34	Terugkeer na Damaskus	Gal 1:17
37	Reis na Jerusalem	Hand 9:26; Gal 1:18
37	Ontmoet Petrus en Jakobus, verkondiging in Jerusalem	Hand 9:27-29; Gal 1:18-19
37	Reis na Tarsus via Cesarea	Hand 9:30; Gal 1:21
37-43	Bediening in en rondom Tarsus	Hand 11:25
37-43	Opgeneem in die gees tot in die derde hemel	2 Kor 12:2-4
43	Gaan saam met Barnabas na Anthiochië in Sirië	Hand 11:26
43	Bediening in Anthiochië in Sirië	Hand 11:26
47	Reis saam met Barnabas en Titus na Jerusalem om hongersnoodhulp af te gee	Hand 11:30; Gal 2:1-10
47	Terugkeer na Anthiochië in Sirië	Hand 12:25
47-48	Voortsetting van Bediening in Anthiochië in Sirië	Hand 13:1-3
<b>48-49</b>	<b>Eerste sending reis saam met Barnabas en Johannes Markus</b>	<b>Hand 13:4-14:27</b>
48	Bediening in Ciprus	Hand 13:4-12
48	Reis na Klein Asië	Hand 13:13
48	Johannes Markus vertrek van Perge af terug na Jerusalem	Hand 13:13
48	Bediening in Anthiochië in Pisië	Hand 13:14-52
48-49	Bediening in Ikonium	Hand 14:1-5
49	Bediening in Listre	Hand 14:8-19
49	Bediening in Derbe	Hand 14:20-23
49	Terugkeer na Attalië	Hand 14:24-25
49	Terugkeer na Antiochië in Sirië	Hand 14:26
49	Bediening in Anthiochië in Sirië	Hand 14:27-15:2
49	Vermaning van Petrus	Gal 2:11-14
49	<b>Skryf brief aan Galasiërs</b>	
49	Reis na Jerusalem saam met Barnabas deur Fenicië en Samaria	Hand 15:3
49	Vergadering in Jerusalem	Hand 15:4-29
49	Terugkeer na Anthiochië in Sirië saam met Barnabas, Silas en Judas	Hand 15:22, 30
49	Silas bly agter maar Judas keer terug na Jerusalem	Hand 15:31-33



49-50	Bediening in Anthiochië in Sirië	Hand 15:35
50	Verskil met Barnabas oor Johannes Markus	Hand 15:36-39
50	Barnabas en Johannes Markus vertrek na Ciprus	Hand 15:39
<b>50-52</b>	<b>Tweede sendingreis saam met Silas en andere</b>	<b>Hand 15:40-18:22</b>
50	Bediening in Sirië en Cilicië	Hand 15:41
50	Bediening in Derbe en Listre	Hand 16:1a
50	Timoteus sluit by Paulus en Silas aan	Hand 16:1b-3
50	Bediening in ander kerke in Galasië	Hand 16:4-6
50	Verhinderingsomstandighede om na Asië en Bithinië te gaan	Hand 16:7-8
50	Gesig van Macedoniese man in Troas	Hand 16:9-10
50	Reis van Troas na Samotraces na Neapolis saam met Lukas	Hand 16:11
50	Bediening in Filippi	Hand 16:12-40
50	Lukas bly in Filippi agter terwyl Paulus verder reis	Hand 16:12; 17:1
50-51	Bediening in Tessalonika	Hand 17:1-9
51	Bediening in Berea	Hand 17:10-15
51	Silas en Timoteus bly in Berea en Paulus moet vlug	Hand 17:14
51	Bediening in Athene	Hand 17:16-34
51	Bediening in Korinthe	Hand 18:1-17
51	Vereenselwing met Aquilla en Priscilla	Hand 18:2-3
51	Hereniging met Silas en Timoteus	Hand 18:5
51	<b>Skryf 1 en 2 Tessalonissense</b>	
52	Reis na Efese saam met Aquilla en Priscilla	Hand 18:18
52	Laat Aquilla en Priscilla agter en reis verder na Sirië	Hand 18:18-19
52	Bediening in Efese	Hand 18:19-21
52	Terugkeer na Anthiochië in Sirië via Cesarea en Jerusalem	Hand 18:21-22
52-53	Vertoef in Anthiochië in Sirië	Hand 18:23a
<b>53-57</b>	<b>Derde Sendingreis</b>	<b>Hand 18:23b-21:19</b>
53	Bediening in Galasië	Hand 18:23b; 19:1
53	Apollos se bediening in Efese	Hand 18:24
53	Aquilla en Priscilla se bediening aan Apollos	Hand 18:26
53	Apollos se bediening in Achaje	Hand 18:27-28
53-56	Bediening in Efese en Asië	Hand 19:1-20:1
53-56	Skryf 'n brief aan Korinthiërs	1 Kor 5:9
56	<b>Skryf 1 Korinthiërs</b>	
56	Die "pynlike besoek" aan Korinthe en terugkeer	2 Kor 2:1; 12:14; 13:1-2
56	Skryf trane brief aan Korinthiërs	2 Kor 2:3-4; 7:8-12; 12:17-19
56	Stuur Timoteus en Erastus na Mecedonië	Hand 19:22
56	Reis van Efese na Troas	
56	Wag op Titus	
56	Reis van Troas na Mecedonië	Hand 20:1
56	Herenig met Titus in Mecedonië	
56	<b>Skryf 2 Korinthiërs</b>	
56	Bediening in Mecedonië	Hand 20:2
56	Bediening in Korinthe en Achaje	Hand 20:2-3
56-57	<b>Skryf Romeine</b>	
57	Keer terug na Mecedonië en Filippi saam met Sopater, Aristrachus, Secundus, Gaius, Timoteus, Tigikus, Trophimus en Lukas	Hand 20:3-4
57	Reis gesels reis na Troas sonder Paulus en Lukas	Hand 20:5
57	Reis saam met Lukas na Troas	Hand 20:6
57	Bediening in Troas	Hand 20:7-12
57	Reis oor land na Assus terwyl Lukas en nog 'n broeder per	Hand 20:13

	skip reis	
57	Reis na Milete per skip saam met Lukas en nog 'n broeder	Hand 20:14-16
57	Bediening by Milete	Hand 20:17-38
57	Reis van Milete na Cesarea via Tirus saam met Lukas en nog 'n broeder	Hand 21:1-7
57	Bediening in Cesarea	Hand 21:8-14
57	Reis na Jerusalem	Hand 21:15-16
57	Bediening in Jerusalem	Hand 21:17-23:30
57	Rapport aan die kerk	Hand 21:17-26
57	Gevangeneming by die tempel	Hand 21:27-40
57	Toespraak op die tempelplein	Hand 22:1-21
57	Gevangenskap in Jerusalem	Hand 22:22-23:30
57	Reis na Cesarea	Hand 23:31-35
57-59	Bediening in Cesarea	Hand 24:1-26:32
57	Verdediging voor Felix	Hand 24:1-27
59	Verdediging voor Festus	Hand 25:1-12
59	Verdediging voor Festus en Agrippa	Hand 26:1-32
59-60	Reis na Rome saam met Lukas en Aristarchus	Hand 27:1-28:16
59	Reis na Kreta	Hand 27:1-13
59	Skipbreuk	Hand 27:14-44
59-60	Bediening op Malta	Hand 28:1-10
60	Reis van Malta na Rome	Hand 28:11-16
60-62	Bediening in Rome	Hand 28:16-31
60-62	<b>Skryf Efesiërs, Filippense, Kolossense en Filemon</b>	
62	Vrygelaat uit Rome	
62	Reis na Egeïse streek	
62-66	<b>Skryf 1 Timoteus en Titus</b>	
67	Gevangeneming	
67-68	Gevangenskap in Rome	
67	<b>Skryf 2 Timoteus</b>	
68	Martelaarsdood in Rome	